PARLIAMENT

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LUG U MENING

## WETSONTWERP OP DIE NASIONALE WATERHULPBRON-INFRASTRUKTUURAGENTSKAP [B 24B – 2023]:

## VOORLEGGINGS EN VERHORE

Die Gekose Komitee oor Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Water, Sanitasie en Menslike Nedersettings) nooi belanghebbendes en belangstellende individue uit om skriftelike kommentaar oor die oogmerke van **Wetsontwerp op die Nasionale Waterhulpbron-infrastruktuuragentskap [B 24B – 2023]** in te dien:

**Die doel van die wetsontwerp is:**

- Om voorsiening te maak vir die vestiging van die Suid-Afrikaanse Nasionale Waterhulpbron-infrastruktuuragentskap as 'n staatsbeheerde maatskappy en oorhoofse openbare entiteit.
- Om voorsiening te maak vir die oogmerke en funksies van die Agentskap;
- Om voorsiening te maak vir die bestuur van die Agentskap deur die aanstelling van die Raad van die Agentskap.
- Om voorsiening te maak vir die aanstelling van die Hoof Uitvoerende Beampte en Hoof Finansiële Beampte van die Agentskap.
- Om voorsiening te maak vir die fondse van die Agentskap, finansiële verslagdoening en aanspreeklikheid van die Agentskap.
- Om voorsiening te maak vir die oordrag van die nasionale waterhulpbron-infrastruktuur. Om voorsiening te maak vir die oordrag van die Trans-Caledon Tonnel-owerheid na die Agentskap.
- Om voorsiening te maak vir die afstigting van die Trans-Caledon Tonnel-owerheid.
- Om voorsiening te maak vir die bevoegdhede van die Minister met betrekking tot die Agentskap.
- Om voorsiening te maak vir die opstel van regulasies en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Belangstellende individue en groepe wat kommentaar wil lewer, word vriendelik versoek om skriftelike voorleggings teen nie later nie as **7 Mei 2024** aan die Komitee te stuur.

Lede van die publiek en belanghebbendes wat afskrifte van die wetgewing wil bekom, kan met die naaste Staatsdrukker of die Komitee-sekretaris in verbinding tree by die kontaknommers hieronder aangedui.

Alle korrespondensie moet aan mnr T S C Dodovu, Voorsitter: GK oor Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Water, Sanitasie en Menslike Nedersettings) gerig word en gemerk word vir die aandag van mnr T M Manele, Posbus 15, Die Parlement, Kaapstad, 8000. Voorleggings moet na die volgende e-posadres gestuur word: **tmmanele@parliament.gov.za**. Navrae kan gerig word aan mnr T M Manele by **083 709 8534**.

**Uitgereik deur agb T S C Dodovu, LP, Voorsitter: GK oor Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Water, Sanitasie en Menslike Nedersettings).**

**Die Parlement – ons volg ons verpligtinge teenoor die mense op – ons verbeter u toekoms**

www.ayandambanga.co.za

150638 BURGER - AFR